NG KERK IN OOS-KAAPLAND SINODE 2016
BESKRYWINGSPUNT B2. BESLUIT VAN ALGEMENE SINODE 2015 OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGE

Die Sinode besluit om indringend gesprek te voer oor die Algemene Sinode 2015 se besluit oor selfdegeslagverhoudinge.

Vir die doel hiervan neem die Sinode die uitgangspunt van die Kerkraad, opgestel deur sy Kommissie vir Leer en Aktuele Sake, asook 'n studiestuk opgestel deur dr Chris van Wyk rondom die uitgangspunte van selfdegeslagverhoudings vanuit die Skrif en die Belydenisskrifte, in oorweging.

Motivering:

Die Kerkraad voel in die lig van die huidige debat rondom die saak in die Kerkbode, die appèlle rondom die besluit van Algemene Sinode, die aantal beskrywingspunte wat gemeentes reeds ingestuur het na die Algemene Sinode en die onderlinge onsekerheid by lidmate, dat die vergadering mekaar verskuldig is om 'n oop en eerlike gesprek oor die saak te hê met die moontlikheid om 'n standpunt of uitgangspunt te formuleer.

Terwyl die Kerkraad haarself nie kan vereenselwig met die besluit van die Algemene Sinode nie, wil ons graag ons daartoe verbind om konstruktief deel van die gesprek te wees.

Kerkraad NG Gemeente Humansdorp

BYLAAG 1 BY B2:
Studiestuk van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake, NG Kerk Humansdorp, teen die besluit van die Algemene Sinode oor selfdegeslag-verhoudinge

1. Inleiding

Tydens die jongste Algemene Sinodesitting is besluite rondom selfdegeslagverhoudings geneem wat inderdaad grondverskuiwend van aard is. Hierdie besluite is aan gemeentes en lidmate oorgedra by wyse van 'n pastorale brief gedateer 10 Oktober 2015.

Gemeentes en lidmate word daarin versoek om "selfstandig te gaan soek na die toepassing van die boodskap van die Bybel in hierdie verband." In gemelde brief word ook genoem dat hierdie besluit " ... steeds aan voortgaande besinning onderworpe is."

Wanneer 'n mens dus rondom hierdie saak stil word, besef jy maar net jou eie swakheid, dat daar nie maklike antwoorde vir hierdie enorme probleem in die samelewing is nie. Die gevaar bestaan dat emosie 'n baie deurslaggewende rol in mens se siening van die saak kan speel. Ook die siening van "kundiges" wat aanvoer dat die wetenskap die standpunte van die Bybel verkeerd bewys en hulle wat beweer dat die menswaardigheid van selfdegeslag persone misken word en nie strook met die gebod van die liefde nie, maak die taak beslis nie maklik(er) nie.

Tussen gelowiges is daar uiteraard verskillende sienings oor verskeie sake in die Bybel. Om in perspektief na hierdie verskillende uitgangspunte te kyk, is dit van belang om te bepaal of dit die kern van ons geloofslewe raak, inderdaad intens raak.

Mens kan ook nie vanaf 'n eiland "koud" na hierdie saak kyk nie – daar is waarskynlik vandag baie min lidmate wat nie 'n familielid of vriende het wat gay is of in selfdegeslagverhoudings is nie. Bewus dus van jou eie swakheid en die enormiteit en kompleksiteit van hierdie saak, kan mens net na een bron toe gaan vir leiding – die Bybel.

2. Wat leer die Bybel rondom homoseksualiteit

(Die woord selfdegeslag persone / verhoudings word nie hier gebruik nie, maar wel die Bybelse term}

2.1 Die Ou Testament

Die skeppingsverhaal in Genesis 1 vertel van die skepping van die mens en dan spesifiek Gen 1: 27-28. In vers 27 word pertinent daarna verwys dat God "… man en vrou…" geskape het. (Die Engelse weergawe lui: "male and female he created them"). Ook vers 28 bevestig dit deurdat God sê: "Wees vrugbaar, word baie…". Die argument wat sommige het dat die "helper" wat God vir die mens gemaak het (Gen 2: 20) ruimer verstaan moet word en moontlik manlik van aard kon gewees het, kan gevolglik nie water hou nie.

In die Tien Gebooie lui die vyfde gebod ondubbelsinnig: "Eer jou vader en moeder".

'n Mens wil nie verder die Ou Testament in hierdie verband aanhaal nie, omdat ons na Christus se koms Nuwe Testamentiese gelowiges is, en groot klem op Christus se nuwe gebod van die liefde gelê word. Melding moet egter gemaak word van Dawid en Jonatan se vriendskap. In 1 Sam 20 word hulle hegte vriendskap beskryf en in vers 17 word vermeld dat Jonatan Dawid liefgehad het soos homself. Na Jonatan se dood het Dawid in sy klaaglied hulle liefde vir mekaar besing (2 Sam 1:26) en ek haal aan: "Ek is bedroef oor jou, my broer Jonatan … jou liefde was vir my wonderliker as die liefde van enige vrou". Selfs in die verhouding waarin hulle gestaan het, is daar nie sprake van 'n homoseksuele verbintenis nie – 'n mens sou nouliks Dawid as gay kon voorstel!

2.2 Die Nuwe Testament

Kyk mens na die Nuwe Testament, kry jy nie 'n verwysing na 'n verhouding waarby 'n manlike persoon by betrokke kon wees in 'n homoseksuele hoedanigheid nie. Daarom is dit insiggewend dat Jesus waar dit gaan oor verhoudings / verbintenisse tussen partye, altyd van man en vrou praat. (Sien Mat 5:27-31). In Mat 25 se gelykenis gaan dit oor 'n bruidegom (manlik) en die meisies wat hom tegemoet gaan. In Mat 19 is Jesus self aan die woord en vra Hy : "Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie?" Sou mens in die Woord wil inlees wat nie daar staan nie (waarop baie argumente dikwels baseer word – dit wat nie daar staan nie), en mens glo dat homoseksualiteit aangebore is, sal jy dalk kan sê dat Jesus in Mat 19:12 na 'n homoseksueel verwys het, toe Hy gesê het dat daar "… mense is wat nie kan trou nie omdat hulle van geboorte af so is…". Dan sal mens ook verder moet let op die feit dat hulle nie getrou het nie, nie verbintenisse aangegaan het nie.

In onder andere 1 Tim 4:4 lê Paulus klem op die verhouding tussen 'n man en sy vrou (heilig en eerbaar). So ook Petrus in 1 Pet 3.

Dan kom mens by Paulus se uitsprake m.b.t. homoseksualiteit: 1 Kor. 6:9 en 1 Tim 1:10. Belangrik is dat Paulus nie homoseksualiteit per sé veroordeel nie, maar wel die praktiese beoefening daarvan. (Klink die siening nie bekend nie).

Nou kan mens vra of Paulus se negatiewe uitkyk op die beoefening van homoseksualiteit nie hardvogtig en inderdaad liefdeloos is nie; dat dit nie strook met die nuwe gebod wat Jesus in Joh. 13:24 aan sy dissipels gegee het nie, of in groter detail toegelig is in 1 Johannes nie.

Die teendeel blyk eerder waar te wees – Paulus besing self die liefde in 1 Kor. 13 en Rom. 13:8. Daar kan dus nie beweer word dat Paulus oneerbiedig teenoor die liefde staan wanneer hy verkeerde dade veroordeel nie; hy is daarop bedag dat God 'n regverdige God is en mense regverdig sal oordeel volgens hulle dade. Die Romeine brief verwys telkens daarna.

As algemene opmerking wil ek sê dat ek nêrens in die Bybel iets positiefs t.o.v. homoseksualiteit gekry het nie; alles daaromtrent is negatief en word as sonde getipeer (die natuurlike omgang – man/vrou - in 'n teen natuurlike omgang – selfde geslag) Rom. 1.

2.3 Gevolgtrekking

Met die Bybel as handleiding kan ek dus nie sien hoe die beoefening van homoseksualiteit deur selfdegeslag persone goedgekeur kan word nie, selfs nie al sou hulle in 'n verhouding staan nie. Mens kan dus tot geen ander gevolgtrekking kom as dat die Algemene Sinode ernstig gefouteer het met sy jongste besluite oor selfdegeslagverhoudings nie.

3. Navorsingsbevindinge

Dit is jammer dat die voorstellers van die besluite nie vooraf gaan kyk het na navorsingsbevindinge nie. Die voorstel oor verdere navorsing was sinvol. Verdere navorsing egter is nie nodig nie. Daar bestaan

talle navorsingbevindings. Een daarvan is deur dr. Paul Cameron, die voorsitter van die Familie Navorsing Instituut van Colorado Springs in Colorado VSA. 'n Baie beknopte weergawe van sy bevindinge word kortliks weergegee uit sy "What causes homosexual desire and can it be changed?"

"The first answer of tradition is as follows: homosexual behavior is a bad habit that people fall into because they are sexually permissive and experimental. This view holds that homosexuals CHOOSE their lifestyle as the result of self-indulgence and an unwillingness to play by society rules."

"Psychoanalysts like e.g. Bieber and Socarides: According to them homosexual behavior is a mental illness, symptomatic of arrested development. They believe that homosexuals have unnatural or perverse desires as a consequence of poor family relations in childhood or some other trauma."

"The third view is 'biological' and holds that such desires are genetic or hormonal in origin."

"The answer seems to be that homosexual behavior is LEARNED."

"No researcher has found provable biological or genetic differences between heterosexuals and homosexuals that were not caused by their behavior."

Researchers tend to believe that their sexual desires and behaviors are learned from

- "Early homosexual experience(s) with adults or peers; o Homosexual friends or new acquaintances;
- Poor relationships with father and mother
- Social ineptitude."

Op die vraag "can homosexuality be changed?" antwoord Dr. Cameron: "Certainly. As noted above, many people have turned away from homosexuality – almost as many people call themselves 'gay',

4. Hoe moet die besluit van die Algemene Sinode verstaan / vertolk word?

In 'n meegaande pastorale brief wys die Sinode op drie aspekte rondom die besluit nl.:

(a) dat ruimte oopgelaat word vir kerkrade om na gelang van hul eie oortuiging en omstandighede te handel,

(b) dat daar voortgaande navorsing gedoen sal word,

(c) maar dat daar ook bepaalde besluite geneem is waaraan gevolg gegee gaan word.

Is die ruimte waarna in (a) verwys word absoluut of moet dit saam gelees word met (c) wat impliseer dat aan sekere besluite "gevolg gegee gaan word" wat aandui dat daardie besluite nie diskresionêr van aard is nie. Ook die kwessie van appèl is ter sprake – sien ook par 3.5 hieronder.

In (b) kan mens lees dat die Sinode nie so seker van sy saak is nie, want as die jongste status quo gehandhaaf en geïmplementeer moet word, is navorsing oorbodig. Dit kan ook gesien word as 'n erkenning van die sinode dat sy besluite op wankelrige en aanvegbare feite berus.

Ten einde te begryp wat die praktiese implikasies van die besluit(e) is, word na 'n paar van die besluite gekyk.

4.1 Besluit 2 – hoe moet die deelname aan al die "voorregte" van die kerk verstaan word sover dit homoseksuele persone betref. Daar word aanvaar dat dit die volgende sal insluit:

4.1.1 om te dien in die ampte van die kerk

4.1.2 om in die kerk in die huwelik bevestig te kan word

4.13 om hulle kinders in die kerk te kan laat doop.

4.2 Besluit 3 – daar skyn 'n teenstrydigheid te wees tussen besluite 2 en 3.

Besluit 2 bepaal dat beide hetero- en homoseksuele persone "ten volle kan deelneem aan al die voorregte……" d.w.s. ongeag seksuele oriëntasie, kan alle persone deel in al die voorregte. Om in die huwelik bevestig te kan word, is so 'n voorreg.

Besluit 3 bepaal nou egter dat slegs persone van heteroseksuele oriëntasie (een man en een vrou) as huwelik beskou word, d.w.s. vir die een party is die verbintenis 'n huwelik, maar vir die ander party bly dit

slegs 'n verbintenis.

4.3 Besluit 4:

4.3.1 Deur "…. erkenning te gee aan die status van burgerlike verbintenisse van persone van dieselfde geslag…" verleen die Sinode gevolglik goedkeuring dat sulke persone hulself in 'n homoseksuele praktyk kan uitleef.

4.3.2 Deur voorsiening te maak dat daardie verbintenisse deur predikante wat hul weg oopsien, bevestig kan word, plaas die Sinode weereens sy seën op gemelde praktyke.

4.3.3 Weereens in die lig van Besluit 2 ontstaan die vraag of predikante wat nie hulle weg oopsien nie, nie van diskriminasie en aantasting van regte beskuldig (aangekla) kan word nie.

4.4 Besluit 5 – Die Christelike etiese standaarde van 'n heteroseksuele paar sluit in die beoefening van seks – die beoefening van homoseksuele seks word dus hiermee deur die Sinode goedgekeur.

4.5 Besluite 6 en 7 – Die "reg van kerkrade" en "diskresie van kerkrade" waarna verwys word, is dit 'n absolute reg en diskresie of is besluite wat in terme daarvan geneem word, ook onderhewig aan appèl. Indien laasgenoemde die geval is, dra hierdie "reg" en "diskresie" inderdaad geen gewig nie en is dit misleidend van aard.

4.6 Besluit 8

4.6.1 Die Algemene Sinode se "versoek" dat lidmate, gemeentes en kerkvergaderings 'n "soekproses na die toepassing van die boodskap van die Bybel" moet onderneem, plaas inderdaad 'n verantwoordelikheid op onder andere kerkrade om die besluite in oënskou te neem. Sou hulle verskil van die besluit van die Algemene Sinode , is die natuurlike gevolg dat appèl of 'n beswaarskrif daarteen ingedien word.

4.6.2 Die Sinode behoort aan lidmate, kerkrade, ens "…. die boodskap van die Bybel" waarop hierdie besluite gegrond is, te verskaf.

5. Praktiese uitdagings en algemene opmerkings m.b.t. die toepassing van hierdie besluite

5.1 In watter mate sal kerkrade en leraars hulself blootstel aan menseregte-skendings en diskriminasie in terme van die Handves van Menseregte indien hierdie besluite toegepas word.

5.2 In watter mate sal kerkrade hulself blootgestel aan die oortreding van Arbeidswetgewing by die toepassing van hierdie besluite; hier word weer verwys na spesifiek Besluit 2. Voorbeeld – hoe sal kerkrade wettig kan vasstel wat die seksuele oriëntasie is van 'n aansoeker om 'n predikantspos?

5.3 Wanneer selfdegeslag paartjies 'n kind aanneem, weet hulle nie wat die kind se seksuele oriëntasie is nie. Die kans is oorweldigend dat so 'n kind heteroseksueel sal wees, maar word dan grootgemaak in 'n homoseksuele omgewing. So 'n kind kan/sal ten doop gebring word, en die kerk plaas dan eintlik sy seël daarop dat so 'n kind in sy grootwordjare en daarna blootgestel word aan geweldige sielkundige trauma. Hoe sal die kerk die verantwoordelikheid hiervoor hanteer?

5.4 Hierdie besluite "ontsondig" nou homoseksualiteit soos die Bybel daarna verwys, m.a.w. die kerk "overrule" die Bybel, die Woord van God. Wat gaan hierna volg – die goedkeuring van saamwoon en 'n ruimer uitkyk oor pornografie miskien? Die Sinode het nou die deur oopgemaak en dit sal nie weer toegemaak kan word soos sake nou staan nie.

5.5 Om in aansluiting by (d) aan te voer dat hierdie besluite nie die hartsake van die kerk raak nie, is nie net wensdenkery nie, maar bloot net onbybels. In die Nuwe Testament word die beoefening van homoseksualiteit gelys saam met verskeie ander sondes/oortredings. Dat dit belangrik is, word aangedui deur die feit dat dit nie soort van as 'n "after thought" aan die einde van die lys oortredings bygevoeg word nie, maar dat dit inderdaad in die middel daarvan staan. Om dus die beoefenaars van homoseksualiteit uit hierdie lys te laat haal, is so goed om ook moordenaars en enige van die ander daaruit te verwyder.

5.6 Bepaal een van ons formuliere nie dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is nie en dat ons as lidmate dit so aanvaar nie – sal dit beteken dat dit gewysig sal moet word, 'n tipe van voorwoord in te voeg wat lui: met sekere voorbehoude, aanvaar ons die Bybel… Hoe sal 'n gay prediker die Woord bring

waar verwys word na man en vrou; vaders en moeders en dan spesifiek homoseksuele?

5.7 Watter impak kan hierdie besluite op die NG kerk familie hê – is dit nie so dat die ander kerke in die familie nie hierdie besluite onderskryf nie. Kan ras nie weer hierby betrek word en hierdie aksie gesien word as 'n 'witmens" ding nie? Dit is 'n feit dat Afrika nie lief is vir homoseksuele nie, in verskeie lande is dit selfs onwettig! Hou dit nie die potensiaal in om verhoudinge tussen rassegroepe te polariseer nie?

5.8 Is gays se stryd in die eerste instansie nie 'n stryd met God nie. Sal en kan die "ontsondiging" van die beoefening van homoseksualiteit hulle vrede met God gee, gesien die feit dat net God sonde kan vergewe? Speel die Sinode nie bietjie "god" as hulle 'n streep deur die beoefening van homoseksualiteit trek nie?

5.9 Wat sal die prys wees wat die kerk gaan betaal as groot getalle van sy lidmate nie hierdie besluite aanvaarbaar vind nie. Het die Sinode vooraf projeksies gemaak om so 'n moontlikheid te kan bestuur en/of te akkommodeer?

5.10 Dit is duidelik dat die Sinode nie seker is oor die Bybelse korrektheid van sy besluite nie. Toe Jesus gekruisig is, het die Jode geskree: "Ons aanvaar die verantwoordelikheid vir sy bloed, ons en ons kinders" (Mat 27:25). Is die Sinode bereid om op soortgelyke wyse verantwoordelikheid vir hulle besluit te neem?

6. Afsluiting

Die afgelope jare het die Algemene Sinode hom telkens met omstrede sake besig gehou en besluite geneem oor hierdie omstrede sake. Hierdie besluite het spanning in gemeentes geskep. Dit was altyd dieselfde persone wat hierdie sake gedryf het. Ons het ook die indruk gekry dat hierdie sake oor spesifieke persone gegaan het en nie oor beginsels nie. Hier kan gedink word aan die Belhar belydenis en die besluite oor die posisie van gay-persone. Die besluite is geneem en dan word dit aan die gemeentes se kerkrade oorgelaat om die besluite te neem. Dit bring spanning in gemeentes. Lidmate wil net die onvervalste Woord van God hoor nie teologiese beredenerings en persoonlike sienings nie. Gays was nog altyd welkom in ons gemeentes en het nie uitgesluit gevoel nie. Trouens gemeentes verwelkom dit dat hierdie mense onder die geklank van die woord kom.

In sy boek "Over de sin van het huwelijk" kom Dr.A.W.Hoegen tot die slotsom: " Krachtens onze grondgedachte verstaan wij onder het huwelijk de levensgemeenschap van MAN en VROUW in diens der GEZINSVORMING."

In "Wijsbegeerte en Levenspractijk" stel Spier die calvinistiese siening van die wese van die huwelik en konstateer dan op die einde: " Het feit, dat bepaalde overtuigingen aangaande huwelijksvragen samehangen met wijsgerige beskouwing ontmoet geen tegenstand".

Graag wil ons antwoord hê op die vraag wat die Algemene Sinode se lewensbeskoulike uitgangspunt (aprioriese persepie) was om tot hierdie besluite te kom.

Ons insiens het die humanisme en emosies 'n baie groot rol in die neem van hierdie besluite gespeel. Prof. E.A. Venter, professor in Filosofie aan die Vrystaatse Universiteit het jare gelede al gewaarsku teen die insluip van Humanisme in ons kerke. Verder kry 'n mens die indruk dat gay persoonlikhede wat hulle menings in die gedrukte media gestel het, persoonlike sieninge en eie ego's 'n groot rol gespeel het.

BYLAAG 2 BY B2:
Studiestuk deur dr Chris van Wyk

Hierdie studiestuk is deur die kerkraad aangeheg, maar ook deur dr Van Wyk as versoekskrif by die skriba ingehandig. Dit word geplaas onder Afdeling D van die Sakelys, Versoekskrifte.

Hoewel die kerkraad dit as bylaag by sy beskrywingspunt ingedien het, word dit dus nie weer hier geplaas nie.